Primêre Skool **PARYS** Primary School

DIEN EN OFFER

# Primêre Skool Parys

# Visuele Kuns

## Kwartaal 2: Junie Eksamen

**___ Junie 2025**

**Eksaminator: L.Viljoen**

**Moderator: H. Jardim**

**Naam en van: ________________________** **____/50**

**Graad: 7 _____**

**INSTRUKSIES**

- **Lees** die vrae met **sorg.**
- **Beantwoord al die vrae** op die vraestel.
- **Skryf netjies en leesbaar**.
- **Lees drie keer, dink twee keer en skryf een keer.**
- Jy het **90 minute** om die vraestel te voltooi.

# Afdeling A (15 punte)

**Vraag 1**

Dui aan of die volgende stellings waar of onwaar is. **(5)**

| Stelling | Antwoord |
|---|---|
| 1.1. Rooi is 'n primêre kleur. | |
| 1.2. 'n Stillewetekening is 'n waarnemingstekening van nie-lewende voorwerpe. | |
| 1.3. Blou is 'n warm kleur. | |
| 1.4. Vorm is 'n element van kuns. | |
| 1.5. Blou + Geel = Groen | |

**Vraag 2**

Voltooi die volgende sinne met die regte woord. **(5)**

| Kleur | primêre | koue | tekstuur | warm | tint |
|---|---|---|---|---|---|

2.1. Sekondêre kleure word geskep deur twee van die ________________ kleure te kombineer.

2.2. Die term "toonwaarde" beskryf die kwaliteit van ______________________

2.3 ___________________verwys na hoe iets voel: grof of glad / hard of sag.

2.4. 'n ____________________ is waar 'n kunstenaar 'n kleur by wit voeg om 'n ligter weergawe van die kleur te skep.

2.5. Pers is 'n ___________________ kleur.

**Vraag 3**

Beantwoord die volgende vrae. **(5)**

3.1. Noem enige 3 elemente van kuns.

__________________________

__________________________ (3)

3.2. Noem enige 2 beginsels van ontwerp.


__________________________


__________________________ (2)

## **Afdeling B** (20 punte)

**Vraag 4**

Pas die kunselemente in Kolom A by die voorbeeld in Kolom B. Skryf die letter uit Kolom B in die spasie wat voorsien word. (8)

| **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|
| 4.1. Kontras | A.  |
| 4.2. Lyn | B.  |
| 4.3. Patroon | C.  |
| 4.4. Verhouding | D.  |
| 4.5. Vorm | E.  |

| | |
|---|---|
| 4.6. Spasie | F.  |
| 4.7. Tekstuur | G.  |
| 4.8. Toonwaarde | H.  |

4.1. ________ 4.5. ________

4.2. ________ 4.6. ________

4.3. ________ 4.7. ________

4.4. ________ 4.8. ________

**Vraag 5**

Lyn is 'n element van kuns. Trek enige twee soorte lyne in die spasie wat voorsien word.

(2)

| |
|---|
| |
| |

**Vraag 6**

Bestudeer die kunswerk en beantwoord die volgende vrae.

**Kunsvlyt in Suid-Afrika** **(10)**

Die mees herkenbare vorme van tradisionele Suid-Afrikaanse kunsvlyt is kralewerk, mandjieweef en pottebakkery. Dikwels floreer spesifieke tradisionele kunsvlyt in 'n spesifieke gebied van die land, met die vaardighede wat geslagte lank deur gesinne oorgedra word.

**Mandjieweefwerk**

Die Zoeloes is al eeue lank bekend vir die stewige en pragtige mandjies wat hulle van grasse en palmblaar weef. Mense wat in die Vrystaat en Limpopo woon, het ook hul eie tradisie van mandjieweefwerk ontwikkel.

Die primêre rol van tradisionele mandjies is funksioneel. Mandjies is gemaak om voedsel soos graan en groente in te berg.

Pottebakkery, soos mandjieweefwerk, het 'n primêre funksionele doel. Die potte is gebruik om kos te kook, kos en drankies te bedien, sowel as om water en graan in te berg.

**Kraalwerk**

Die Zoeloe-mense is bekend vir die pragtige kraaljuwele en -klere, terwyl die Ndebele geprys word vir hul oulike kraalpoppe. Alhoewel die kulturele of magiese betekenis van kraalitems steeds in sommige dele van die land nog lewendig is (byvoorbeeld die Zoeloe "liefdesbriewe" en Ndebele "vrugbaarheids" poppe), word dit vandag hoofsaaklik gemaak om in die toeristebehoeftes te voorsien.

6.1. Wat is die herkenbare vorme van tradisionele Suid-Afrikaanse kunsvlyt?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(3)

6.2. Wie is bekend vir die stewige en pragtige mandjies wat hulle maak?

______________________________________________________________________(1)

6.3. Waarvoor is mandjies gebruik?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(2)

6.4. Waarvoor is potte gebruik?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(3)

6.5. Waarvoor is die Ndebele-mense geprys?

______________________________________________________________________(1)

## **Afdeling C** (15 punte)

**Vraag 7** **(4)**

Bestudeer die kunswerk en beantwoord die volgende vrae.



7.1. Beskryf kortliks die toneel in die skildery.

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________(1)

7.2. Identifiseer twee tipes lyne wat in die kunswerk gebruik word.


______________________________________________________________________
______________________________________________________________________(2)

7.3. Wat dink jy is die dieper boodskap in hierdie skildery?

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________(1)

**Vraag 8** **(7)**

Bestudeer die kunswerk en beantwoord die volgende vrae.



8.1. Is dit 'n goed gebalanseerde skildery? Gee 'n rede vir jou antwoord.

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

______________________________________________________________________(3)

8.2. Het die kunstenaar kontras in hierdie prentjie gebruik?

________________________________________________________________________

______________________________________________________________________(2)

8.3. Is die styl realisties of abstrak?

______________________________________________________________________(1)

8.4. Watter emosie word in die stuk vasgevang?

______________________________________________________________________(1)

**Vraag 9** **(4)**

Identifiseer die volgende kunselemente en ontwerpbeginsels.



9.1. Is hierdie prentjie simmetries of asimmetries? Motiveer jou antwoord.

________________________________________________________________________

______________________________________________________________________(2)

9.2. Noem twee vorms wat in hierdie skildery gebruik is.

______________________________________________________________________(2)